

DIE SKIETLOOD

Hierdie SKIETLOOD: 12e Uitgawe

8 April 2013

Kommissie Getuienis

‘n Getuienis is terselfdertyd ‘n diep persoonlike saak en ‘n openbare aangeleentheid. Dit is persoonlik omdat ‘n persoon of groep se diepste oortuigings daarin vervat kan word, maar ook openbaar omdat hulle kies om hierdie oortuiging openbaar te maak. Dit beteken dat hierdie getuienis aan ondersoek en selfs verwerping blootgestel word.

Ons geloof in Christus roep ons daartoe om elke dag hierdie risiko te neem.

Met die uitroep van die Staat van Belydenis het die steeds Hervormers ‘n verdere tree geneem en baie duidelik getuig. Die KommAKV het hierdie belydenis verwerp. Dit is nie op ons weg om die KommAKV se getuienis te aanvaar of te verwerp nie, maar bloot vraend daarvan kennis te neem.

Dit is opvallend dat die KommAKV in jare nie die nodigheid van ‘n getuienis gesien het nie, maar nou weer wil getuig. Skietlood se ervaring is dan ook dat die getuienis eerder in die vorm van ‘n kanselboodskap of ‘n herderlike skrywe uitgestuur moes word. Dit kos nie veel verbeelding om tot die slotsom te kom dat die KommAKV getuig teenoor die sH, en nie die sekulêre wêreld nie.

Die eerste vraag wat opkom is “Indien dit ‘n absoluut eerlike getuienis is wat hier staan, waarom is daar gemeentes wat besluit het om hulself onafhanklik te verklaar van die KommAKV?” Die ander vrae sal net aan die hand van die teks na behore gestel kan word. Die KommAKV se aaneenlopende getuienis is beskikbaar in die e-Hervormer asook op die NHKA se bakkiesblad.

Die hele teks word wel hier herhaal, in *kursiewe skrif*, terwyl die vrae in gewone skrif gestel word.

1- AGTERBLAD

SKIETLOOD vra: Waarom op die agterblad? Is hierdie getuienis ‘n nagedagte? Die goeie professor se oordenking oor vlinders is menslik aangrypend en ‘n subtiële herinnering aan diskriminasie, maar tog nie van dieselfde belang as ‘n belydenis nie. Die belydenis hoort immers op die voorblad as diepste oortuiging van die NHKA.

2 Kommissie getuienis: Getuienis teenoor kerk, volk en owerheid in die Paastyd Die Woord van God gee aan die kerk die opdrag om teenoor die gemeenskap en owerhede te getuig. Ons getuienis handel in die eerste plek oor die geloof wat deur die Kerk bely word.

SKIETLOOD vra: Watter gemeenskap is die teikengehoor? Waarom is hierdie getuienis nie ten minste op die voorblad nie, en waarom word dit so subtiel aan die media beskikbaar gestel? Die media se blootstelling het nie net gedeeltes van die getuienis uitgelaat nie, maar die getuienis weergegee as ‘n poging om interne verwarring aan te spreek. Is dit nie die funksie wat ‘n Herderlike skrywe het om juis interne verwarring aan te spreek nie? Vervul hierdie getuienis daarom nie die funksie van ‘n herderlike skrywe nie? Is die pers reg, dan is ons vraag van groot belang. Wie is die eintlike teikengehoor van hierdie getuienis?

3 Kommissie getuienis: Ons is in die huidige tyd veral bekommerd oor die mate van geloofsverwarring wat in ons gemeenskap heers, en juis daarom is dit nodig dat die Kerk nou opnuut haar geloof sal bely.

SKIETLOOD vra: Hierdie woorde laat dit lyk asof die verwarring in die gemeenskap die teiken is, dus ‘n getuienis. Wat is hierdie geloofsverwarring? Moet daardie geloofsverwarring nie eers by name genoem word en die verwarring dan



aangespreek word nie. Die sake wat in die res van die getuienis gebruik word, gee blyke daarvan dat die gemeenskap se verwarring sterk ooreenstem met die sake waaroor die sH die NHKA konfronteer. Waarom opnuut geloof bely? Is die NHKA allergies vir die woord steeds? Wat dan daarvan om te verwys na aanhoudend getuig? Daarmee net weer die volgende; die Kerk se getuienis is in opdrag van die Here. Die presiese inhoud van 'n getuienis is in gehoorsaamheid aan die Here. Die klem van enige getuienis word geplaas na gelang van die aard van die verwarring wat aangespreek moet word. Sou die NHKA getuig het indien daar net ongeloof en geen verwarring was nie? Getuienis se eerste teiken is immers ongeloof wat aangespreek moet word met die doel om tot geloof te roep.

4 Kommissie getuienis: Die Hervormde Kerk bely haar geloof in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Ons bely dat Hy die ganse heelal geskep het en steeds onderhou, dat Hy ons van 'n sondige, sinlose en vlietende bestaan op aarde verlos het, en dat Hy ons steeds lei en troos.

SKIETLOOD vra: Gevleuelde woorde! Watter verwarring of ongeloof word deur hierdie getuienis aangespreek?

5 Kommissie getuienis: Ons glo dat God Hom in die Bybel aan die mensdom bekend maak, en daarom is die Bybel bo alles die bron en norm van ons geloof.

SKIETLOOD vra: Kort hierdie sin nie die woordjie “**nou**” nie? (...*God Hom **nou** in die Bybel aan die...*). Die Bybel is immers die produk van God se selfopenbaring tot en met Jesus Christus. Na Jesus Christus het die Bybel instrument van God se selfopenbaring geword. God het Godself op verskillende maniere deur die eeue aan die mensdom bekend gemaak; deur gesigte, visioene, historiese oorwinnings en rampe, en toegespits het God Godself in Jesus Christus aan ons openbaar. Jesus Christus is DIE openbaring van God. Hierdie openbaring het deur die leiding

van die Heilige Gees neerslag gevind in die Bybel.

Wat van Q? Die KommAKV se getuienis staan in kontras met dit wat beweer word in die verwerping van die Staat van Belydenis. Ons lees in die KommAKV se verwerping van die Staat van Belydenis: “Die sogenaamde Q-bron word *binne-in die Bybel* gevind, en **gerekonstrueer** op grond van die woordelike ooreenstemming van die Evangelies van Matteus en Lukas daar waar hulle nie van Markus afhanklik is nie. Net so word sommige gelykenisse sowel in die kanonieke Evangelies as in die apokriewe Thomas-evangelie aangetref.” Presies wat moet ons glo ten opsigte van bron en norm? Daar is 'n tweede benadering wat ook deur die NHKA akkommodeer word en selfs gesagvol gebruik word. Dit is 'n gesag wat bronne buite die Bybel ook aanhaal ter staving van standpunte. Die KommAKV se wals met die Bybel, tesame met ander dokumente, is verwarrend.

6 Kommissie getuienis: Ons glo dat God in Christus mens geword het, en Homself só binne die ruimte van ons geskiedenis aan mense bekend gemaak het. Ons glo dat God Homself steeds vandag aan mense bekend maak oral waar sy Woord verkondig word, waar gelowiges hierdie Woord uitdra en van die werking van sy Woord en Gees in hul eie lewens getuig.

SKIETLOOD vra: Dit is 'n saak waaroor sH sterk standpunt inneem. Waar in die gemeenskap is daar verwarring oor hierdie saak?

7 Kommissie getuienis: Ons geloof is in die eerste plek saamgevat en onder woorde gebring in die drie ekumeniese geloofsbelydenisse van die vroeë kerk, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Athanasius en die Geloofsbelydenis van Nicea. Dit is later verder en meer breedvoerig onder woorde gebring in die Protestantse belydenisskrifte, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

SKIETLOOD vra: **Waarom** dan soveel geduld reeds vanaf 1995 met 'n dosent wat erken hy kan dit nie meer sonder

voorbehoud steun nie. **Waarom** dan besluit om 'n eietydse interpretasie aan te vra. **Waarom** dan die Raad vir Kerk en Teologie ontbind omdat twee partye nie gemaklik met mekaar kan saampraat nie.

8 Kommissie getuienis: Die Hervormde Kerk staan onverkort by hierdie ekumeniese geloofsbelydenisse en Protestantse belydenisskrifte. Hoewel die Hervormde Kerk oor baie dekades heen in beginsel die moontlikheid ooplaat dat die Kerk haar ook aan ander belydenisskrifte kan bind, gee die Hervormde Kerk tans geen oorweging aan enige ander belydenis nie (ook nie die Belydenis van Belhar nie).

SKIETLOOD vra: **Waarom** dan in 54/69 die opsomming van Belhar aanvaar? **Waarom** dan die Staat van Belydenis verwerp? **Waarom** was die 69e AKV dan nie bereid om 'n geloofsverklaring te maak nie? **Waarom** is die saak vir verdere studie verwys?

9 Kommissie getuienis: Daar word soms aan die kerk eise gestel om meer of minder te bely as wat in die Woord van God staan oor die kernsake van die geloof. Die Hervormde Kerk kies om saam met die kerk van die eeue te bly by dit wat ons in die Skrif vind. Niks meer nie en niks minder nie. Die uitleg van die Skrif en die interpretasie van die Belydenis is die taak van die eksegese en die prediking.

SKIETLOOD vra: Waarom word die teologiese opleiding by 'n oop fakulteit dan so beskerm? Die dosente se navorsing doen alles behalwe om antwoorde by die Skrif te soek en vind. Niks meer nie en niks anders nie as "wetenskaplikheid" dikteer by UP se teologie fakulteit. Het Skrifuitleg nie lankal plek gemaak vir navorsing nie?

10 Kommissie getuienis: In hierdie Lydenstyd en met Paasfees voor die deur getuig die Hervormde Kerk weer eens dat ons Here Jesus Christus ongeveer 2 000 jaar gelede werklik mens geword het, werklik gely het en aan die kruis op Golgota gesterf het, en net so werklik uit die dood opgestaan het. Sy opstanding gee vir ons 'n toekoms wat verder strek as

hierdie lewe, en juis daarom is dit reeds nou vir ons belangrik om deur ons woorde en optrede te toon dat ons in Christus nuwe mense is – mense wat nie meer magteloos aan sonde uitgelewer is nie, maar nou vry is om God te vereer en ons medemens te dien.

SKIETLOOD vra: Is ons gehoorsaamheid aan God verkort tot medemens dien? Die geskiedenis sal wys dat hier een van die diepste foutlyne in die verklaring van die KommAKV kan wees. Die KommAKV se optredes en hantering van besware en veral sH lidmate en ampsdraers blyk nie te getuig van verlos wees nie, maar magsbeheptheid. Waar is die dien van die medemens wat so prominent voorgelou word? Toegegee, dit word nou beweer vanuit 'n sH perspektief, maar die vraag bly na die opregtheid van die getuienis in die lig van die KommAKV se optrede die afgelope twee jaar. Net so terloops, die gemeenskap ervaar groot verwarring rondom "gebore uit die maagd Maria", waarom is hierdie belangrike sin nie ingesluit by hierdie getuienis nie?

11 Kommissie getuienis: So 'n lewe gee sin aan ons bestaan, en ons nooi elkeen wat nog soekend is om die vreugde hiervan saam met ons te ervaar.

Aan God al die eer!

Kommissie van die Algemene Kerkvergadering

SKIETLOOD vra: Waarom nie alle ander kerke uitnooi om ook hierdie getuienis op te neem en te bevestig nie?

SKIETLOOD bevind: Hierdie getuienis lewer bewys dat die sH pogings telkens op senuwee punte druk. Die vrae wat deur sH gestel word en die foutlyne wat deur sH uitgewys word, is op 'n paar na al die sake wat in die getuienis aangespreek word. Hierdie boodskap moes as kanselboodskap sy weg na gemeentes gevind het.